

Kwartaal 2 Assessering: Voorbeeld-halfjaareksamen memorandum

Leerdersboek bladsye 104–108

Eksamentotaal: 150 punte

Afdeling A

- 1.1 B – 'n beplande ekonomie ✓✓
- 1.2 B – boer ✓✓
- 1.3 A – bank ✓✓
- 1.4 D – debiteur ✓✓
- 1.5 B – proefbalans ✓✓ (5 × 2)
[10]

- 2.1 globalisering ✓✓
- 2.2 tersiêre ✓✓
- 2.3 Debiteurejoernaal ✓✓
- 2.4 finansiële instellings ✓✓
- 2.5 verbruikers ✓✓ (5 × 2)
[10]

- 3.1 D ✓✓ – 'n Rekening wat die eienaar moet monitor om na te gaan dat die gehalte van goedere gekoop korrek is.
- 3.2 C ✓✓ – Die eienaar moet dit monitor om te verseker dat klante hul rekeninge gereeld en betyds betaal.
- 3.3 E ✓✓ – Verskaf die arbeid in die ekonomiese kringloop van 'n geslote ekonomie.
- 3.4 A ✓✓ – Hoogs geskoolde werkers
- 3.5 B ✓✓ – Besighede het ten doel om soveel wins te maak as wat hulle kan. (5 × 2)
[10]

- 4.1 afneem ✓✓
- 4.2 Kontantontvangste ✓✓
- 4.3 Nasionale Kredietwet ✓✓
- 4.4 hergebruik ✓✓
- 4.5 inkomste ✓✓ (5 × 2)
[10]

Afdeling A totaal: 40 punte

Afdeling B: Die Ekonomie

- 5.1 Werkers het 'n mate van keuse oor die werk wat hulle doen en vir wie hulle werk. ✓✓
 Mededinging lei tot laer pryse en produkte van beter gehalte vir verbruikers. ✓✓
 Produktiwiteit is gewoonlik hoër omdat besighede daarop mik om wins te maak. ✓✓
 Verbruikers het 'n wyer reeks produkte om uit te kies. ✓✓ (4 × 2)
- 5.2 Gemengde ekonomieë is 'n kombinasie van beplande en markekonomeë. ✓✓
 Hulle is ontwikkel omdat suiwer beplande ekonomieë en suiwer markekonomeë albei sekere nadele het. ✓✓ Regerings wil sekere elemente van die ekonomie beheer wat hulle die beste pas, ✓✓ en laat besighede toe om ander aspekte te beheer waar hulle meer doeltreffend is. ✓✓ (8)
 [16]
- 6.1 Volgens die figuur op bladsy 57 van die Leerdersboek. Gee 1 punt vir elke korrekte antwoord. (13)
- 6.2 Nee, finansiële instellings is nie 'n bron van inkomste nie. ✓✓ Hulle is slegs fasiliteerders. Hulle ontvang geld (spaargeld) van huishoudings en besighede, en leen geld aan ander huishoudings of besighede. ✓✓ Geld vloei deur finansiële instellings vanaf huishoudings na besighede, en vanaf besighede na huishoudings. ✓✓ (6)
 [19]

Afdeling B totaal: 35 punte

Afdeling C: Finansiële geletterdheid

- 7.1 a) R5 500 ✓✓
 b) R20 470 ✓✓
 c) R2 530 ✓✓
 d) R6 134 ✓✓ [8]
- 7.2 Pumula Laerskool het 'n afslag van R50 gevra wat nie in hulle faktuur ingesluit is nie. ✓✓ [2]

7.3

Balansstaatafdeling Handelsrekening						B4		Kt.	
Dt.									
2012 Feb.	1	Saldo	a/b	24 670	00	2012 Feb.	29	Koste van verkope ✓	KOJ1 ✓20 470 00
	29	Bank ✓	KBJ	✓19 540	00			Koste van verkope ✓	DJ ✓6 134 00
		Koste van verkope ✓	DAJ	✓174	00			Saldo	o/b ✓17 780 00
				44 384	00				44 384 00
2012 Mrt.	1	Saldo	a/b	17 780	00				

(9)
[19]

- 8.1 Werk na goeddunke met die leerders se antwoorde. Hulle is hulle opinie gevra, en dit kan ja of nee wees. Dit moet egter gestaaf word met gesonde, logiese redes wat op hierdie scenario van toepassing is.

Voorbeeldantwoord:

Ek dink Jenson het 'n goeie besluit gemaak. Baie mense het nie die kontant om dit wat hulle nodig het, onmiddellik te koop nie. ✓✓

Die Nasionale Kredietwet maak voorsiening dat Jenson nie aan klante krediet mag verleen as hulle nie die skuld kan betaal nie. ✓✓ Hy moet sy kredietoorenkoms in eenvoudige taal opstel wat klante kan verstaan. ✓✓ Die klante moet van al die betrokke kostes verwittig word, bv. rente vir laat betalings bygetel. ✓✓

Jenson moet van die klante wat om krediet aansoek doen, besonderhede van al hulle inkomste en huidige skuld verkry. ✓✓ Jenson bied winkelkrediet aan, dus hoef hy nie die klante 'n skriftelike kwotasie te gee nie. ✓✓ Hy sal egter 'n maksimum kredietperk moet stel wat hy weet die klant sal kan terugbetaal. ✓✓

Die Nasionale Kredietwet is ontwikkel om klante te beskerm ✓✓ en besigheidseienaars soos Jenson moet seker maak dat hulle presies weet wat hierdie wet behels. ✓✓

[maks. 14]

Let wel: As die leerders kies om nee te sê, mag hulle die volgende redes gee:
Die Nasionale Kredietwet is ontwikkel om klante te beskerm, nie die besigheid nie. ✓✓

Dit gee die besigheid se eienaar addisionele papierwerk. ✓✓

As Jenson nie die korrekte inligting van die klant verkry nie, mag hy dalk nie die geld aan hom verskuldig kan opeis nie. ✓✓

'n Handelswinkel is gewoonlik in 'n dorp of plattelandse dorpie geleë waar inkomste nie baie hoog is nie. ✓✓

Die klant mag dalk nie krediet kan bekostig nie. ✓✓

Klante is geneig om meer te koop as wat hulle kan terugbetaal. ✓✓

Addisionele personeel word benodig om die krediet te bestuur en beheer en te verseker dat betalings deur die klant/debiteure gemaak word. ✓✓

- 8.2 Gebruik diskresie met leerders se antwoorde. Hulle moet dink aan die gevolge vir die besigheid wanneer krediet verskaf word.

Voorbeeldantwoord:

As kliënte nie hulle skuld betaal nie, sal die besigheid nie genoeg kontant hê om meer voorraad te koop nie. ✓✓

Die eienaar sal dalk nie sy ander uitgawes kan betaal nie, soos salarisse of lone en huur. ✓✓

Die kliënte kan 'n swak kredietgradering kry as hulle nie hulle skuld betaal nie. ✓✓

Kliënte kan meer skuld maak as wat hulle kan terugbetaal, wat beteken dat hulle nie geld het vir ander noodsaaklikhede nie. ✓✓ (maks. 6)

[20]

Afdeling C totaal: 39 punte

Afdeling D: Entrepreneurskap

- 9.1 Die sekondêre sektor is waar die vervaardiging en verwerking van grondstowwe plaasvind. ✓✓ Daar kan 'n aantal verskillende besighede in die sekondêre sektor betrokke wees, wat waarde tot dieselfde produk byvoeg, bv. meule en bakker. ✓✓ Leerders mag voorbeelde gee. (4)

- 9.2 Die leerders se antwoorde moet van toepassing wees op Zanele, wat 'n informele besigheid bestuur.

Voorbeeld-antwoord:

Zanele het 'n rol in die sekondêre nywerheid aangesien sy koeke en kleinkoekies vervaardig. ✓✓ 'n Formele en informele besigheid kan in die sekondêre sektor betrokke wees. ✓✓ Sy het 'n rol in hierdie sektor aangesien sy mense se behoeftes bevredig deur aan te bied om namens hulle te bak. ✓✓ 'n Groot deel van die land se arbeidsmag is in die sekondêre sektor betrokke. ✓✓ Zanele sal aan ander mense werk kan aanbied as haar besigheid groei. ✓✓ (10)

- 9.3 Leerders sal 'n persoonlike opinie uitdruk wat deur logiese opmerkings gestaaf moet word.

Voorbeeldantwoord:

Nee, die swak publisiteit is nie onregverdig as die chemikalieë in die water van die eksperimentele plaas kom nie. ✓✓ In die verlede was dit gebruiklik dat fabriek hulle toerusting en masjinerie in oop riole en waterweë laat uitspoel, sonder enige inagneming van mense, vis en voëls wat deur die besoedeling in die water geraak sou kon word. ✓✓ Besighede is nou meer bewus van die gevare van die ontwrigting van die delikate balans van die omgewing. ✓✓ Hulle besef ook dat hulle nie die negatiewe publisiteit kan bekostig nie, dus is dit in hulle belang om hulle optrede reg te stel. ✓✓ In die stelling waarop leerders kommentaar moet lewer, meld dit nie dat dit bewys is dat die chemikalieë van die chemiese fabriek afkomstig was nie, dus is dit moontlik dat die besoedelende stowwe van elders afgespoel het. ✓✓ Water moet verder stroom-op getoets word om seker te maak. ✓✓ As chemikalieë hoër stroom-op gevind word, dan is die negatiewe publisiteit teenoor die chemiese fabriek onregverdig. ✓✓ (Enige 5 geldige punte × 2)

(10)

[24]

- 10.1 Landbou (boerdery), ✓✓ visserye ✓✓ en mynbou. ✓✓

(6)

- 10.2 Die tersiêre sektor gebruik al drie soorte vaardighede. ✓✓ Ongeskoolde werkers doen die roetine skoonmaak- en bodewerke, of werk in klein besighede wat hulle vir hulleself geskep het. ✓✓ Halfgeskoolde en hoogs geskoolde werkers werk in meer gespesialiseerde kleinhandel- en diensgeoriënteerde besighede. ✓✓ Hoogs gekwalifiseerde professionele mense werk in velde soos die mediese, regs-, argitektoniese en ingenieursberoepe. ✓✓ (maks. 6)

[12]

Afdeling C totaal: 36 punte

TOTAAL: 150 punte